FEEDTEK

# Alternatiewe proteïenbronne vir skaap-voerkraalafronding

Deur: Lelanie Hansen, Feedtek (B.Sc. Agric. Veekunde)

Die doel van 'n skaap-voerkraal is om gehalte-karkasse op die mees koste-effektiewe wyse te lewer. Hierdie karkasse moet aanvaarbaar vir die teikenmark wees, maar ook maksimale wins vir die kleinveeprodusent genereer. Uitslagpersentasie en karkasgradering het 'n groot ekonomiese impak op die uiteindelike winsmarge. Natuurlike proteïenbronne van goeie gehalte word daarom algemeen gebruik om lammers se genetiese potensiaal betreffende bouvorm-ontwikkeling en spiergroei te help ontsluit. Proteïenbronne maak nie die grootste gedeelte van tipiese afrondrantsoene uit nie, maar dit is van die duurder bestanddele. Dit dwing produsente dikwels om goedkoper alternatiewe te oorweeg.

## Beskikbare proteïenbronne

Oliekoekmele van plantaardige oorsprong word algemeen as proteïenbronne in skaapafrondingsdiëte gebruik. Alternatiewe proteïenbronne wat oorweeg kan word sluit in oliesade, peulsade en sekere graan-neweprodukte. Hierdie proteïenbronne wissel egter aansienlik in gehalte as gevolg van hulle ru-proteïeninhoud, aminosuursamestelling en rumen-degradeerbaarheid. Verskeie ander faktore, naamlik vet- (olie-) inhoud, voginhoud, teenvoedingsfaktore, mikotoksiene en smaaklikheid moet ook in ag geneem word. Dit is daarom van die uiterste belang dat 'n professionele voedingskundige die alternatiewe proteïenbronne in 'n gebalanseerde voer informuleer met inagneming van bogenoemde faktore en die individuele koste per eenheid nutriënt. Kostedoeltreffende afrondrantsoene is dus noodsaaklik vir optimum produksie.

## Gebruik van oliesade in voere

Oliesade is van groot ekonomiese waarde as gevolg van hul olie-inhoud en word daarom selde as 'n goedkoop proteïenbron in veevoere gebruik. Afval-oliesade, oftewel gebreekte sade of 'splits', kan wel goedkoper verkry word vir gebruik in veevoere. Dit is ten spyte van laer proteïenwaardes in vergelyking met hoëproteïen-oliekoekmele, waarvan die olie reeds verwyder is. Die grootste beperkende faktor is ironies genoeg die hoë vet- (olie-) inhoud. Teen te hoë insluitingspeile kan die hoë vetinhoud veselvertering in die rumen benadeel en selfs tot laksering lei. Rou sojabone in ureum-bevattende rantsoene kan ureumvergiftiging veroorsaak as gevolg van die teenwoordigheid van die urease-ensiem. Deur die sojabone te rooster ('volvet-soja') word die ensiem vernietig en die deurvloeiproteïen-komponent en smaaklikheid verhoog. Oorverhitting kan egter lei tot verlaagde proteïenbeskikaarheid, en onderverhitting tot onvoldoende urease-vernietiging.

## Insluiting van peulsade

Peulsade is dikwels goedkoper proteïenbronne omrede dit geen of minimale verwerking vereis. Boonop voorsien bone en ertjies goeie energievlakke in die vorm van stysel, en grondbone in die vorm van vet. Insluiting word wel beperk deur teenvoedingsfaktore, waaronder toksiese alkaloïede in byvoorbeeld lupiene, wat ook die smaaklikheid negatief beïnvloed, en tripsien-inhibeerders en tanniene in bone en ertjies, wat proteïenbeskikbaarheid verlaag. Die risiko van mikotoksienbesmetting by grondbone is uiters hoog, veral in die geval van gebreekte of afvalbone.

## Neweprodukte as proteïenbronnne

Die neweprodukte brouersgraan en mielie-glutenmeel kan as beide proteïen- en energiebronne geag word, maar insluiting sal grootliks afhang van koste in vergelyking met ander grondstowwe. Die hoë voginhoud van nat brouersgraan beperk nie net insluiting nie, maar lei ook tot verhoogde risiko vir mikotoksienbesmetting; verder bemoeilik dit ook vermenging en berging. Die insluiting van mielie-glutenmeel word onder andere beperk deur swak smaaklikheid. Die insluiting van koringsemels kan die proteïenvlak van 'n afrondrantsoen verhoog, maar koste per eenheid proteïen en beskikbaarheid is beperkende faktore.

Die wagwoord is dus oordeelkundige insluiting van hierdie alternatiewe proteïen-bronne. Met Feedtek se spesialiskonsentraat vir kleinveevoere, Mutton Gainer 125 (Reg. no. V16141), kundige advies van jou Feedtek-verteenwoordiger en 'n professionele tegniese ondersteuningsdiens kan jy met goedkoper, plaaslik geproduseerde proteïenbronne gebalanseerde afrondvoere van hoë gehalte meng vir puik produksie in jou kleinveevoerkraal!

Besoek **www.feedtek.co.za** vir meer inligting,
stuur 'n e-pos na info@feedtek.co.za of skakel 086 111 5632.

